**Minder sonde... meer Jesus**

verskeie tekste

## Inleiding

- Dis nou lekker somer tyd!
- Baie van ons het al bietjie in die tuin ingevaar.
    - Dis harde werk om eers die bossies en onkruid uit te trek en die beddings te maak en gras te sny.
    - Maar, as jy klaar hard gewerk het en jy staan terug en kyk...
        - besef jy dit was deur en deur die moeite werd.
    - Dit werk op 'n manier presies so in 'n Dissipel se lewe.
- Ons het die afgelope weke geleer
    - hoe sonde wat ek in my lewe toelaat
    - maak dat ek God skaars kan volg en dien.
    - As ***verloste familie <u>diensknegte</u> wat gestuur*** is
        - Is deel van ons dienswerk
        - Om te stry teen ons sonde
            - Sodat ons skerp en nuttige gereedskap kan wees vir God.
- Vandag praat ons oor dit waarheen 'n Dissipel werk
    - as jy nou begin om die tuin van jou lewe op te ruim.
        - Waarheen mik jy?
        - En Hoe doen jy dit prakties?
- Die doel van 'n dissipel is tog uiteindelik om te wees soos sy meester wat hy navolg.
    - In die teologie noem ons dit 'Heiligmaking'.
        - Maar nee... jy gaan nie 'n 'halo' kry nie
        - en ook nie 'n lang wit rok met lang hare nie!

- Ons gaan saam ontdek
    - wat heiligmaking is
    - hoe heiligmaking werk
    - hoe heiligmaking prakties in jou lewe kan begin

**Wat heiligmaking is**

- As ons als wat die Bybel hieroor sê in ag neem kom ons by die volgende definisie oor heiligmaking:

- *Heiligmaking is:*
    - *'n aanhoudende werk van God en die mens*
    - *wat ons meer en meer vry maak van sonde*
    - *en meer en meer soos Jesus in ons alledaagse lewe.*

- Dit beteken dat
    - God en jy aanhoudend daaraan werk
    - om minder sonde in elke deel van jou lewe te hê as gister
    - sodat jy vandag en môre meer na Jesus kan lyk.

- Mens kan dit met 'n skets illustreer:




- Paulus praat hieroor in 2 Kor. 3v18
    - as hy daar beskryf wat in groeiende Dissipels aan die gebeur is:

*"[18]Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."*

- Letterlik:
    - Maar ons almal se gesigte is oopgemaak,
        - reflekterend die beeld van die heerlikheid van die Here,
        - veranderend van een graad van heerlikheid na die volgende,
            - soos vanaf die Here Gees.

- Die Heilige Gees werk nou om my en jou
    - elke dag, bietjie vir bietjie,

    - meer en meer in stralende beelde/verteenwoordigers/ikons van Jesus te verander,
    - wat vir kykers rondom ons
    - help om Jesus se asemrowende wonderlikheid te kan sien.

- Dis dalk nie waarvoor jy elke dag opstaan om aan te werk nie
    - Maar dis waaraan God elke dag werk!

- Rom 8:29 sê dat God se 'destiny' waarby hy jou as Christen wil kry is dat jy mense aan Jesus sal laat dink.

"[29]*Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.*"

- God se 'destiny'/'bestemming' vir jou is nie
    - 'n Richard Branson lewe
    - of die volgende aanbieder van Top Billing nie.
    - Dis Jesus.
        - En dit gaan nie oor lang hare, 'n rok en sandale nie.
    - Dit gaan oor jou lewenshouding wat ingestel word op
        - mense om jou se behoeftes
        - – en as dit nodig is jouself in te doen om hulle help.
        - Al is hulle jou vyand.
    - Want juis in sulke oomblikke is Jesus se goedheid geleë
        - en kan mense julle wil misgis as broers.

- Dis die beeld wat gebruik word, broers wat op mekaar lyk.
    - Dalk nie identies nie maar jy kan die trekke sien.

- *So: Heiligmaking is:*
    - *'n aanhoudende werk van God en die mens*
    - *wat ons meer en meer vry maak van sonde*
    - *en meer en meer soos Jesus in ons alledaagse lewe.*

**Hoe werk heiligmaking**

- Wel, ons het gesê dis 'n werk van God én die mens.
    - God het 'n onmisbare rol van sy kant af...
    - en jy het effort om in te sit.

***God se kant***

- Amper soos by 'n operasie tafel waar klomp dokters saam werk
- Werk Almal in die Drie-eenheid direk aan jou.
    - Die Vader
        - tug jou uit liefde wat later vrug gee (Heb. 6).
    - Jesus se offer vir jou
        - bly jou aanmoedig
        - en sy voorbeeld is jou patroon (Heb. 12).
        - Hy bid ook vir jou.
    - Die Heilige Gees
        - lei jou gedagtes,
        - gee insig
        - en waarsku jou selfs in die oomblik (Gal 5; Rom 8)

- 'n Operasie om meer van Jesus in jou sigbaar te maak.

***My kant***

- Maar jy het ook 'n aandeel.

- Dit begin daarby om
  - te vertrou dat God van sy kant elke dag aktief besig is met jou.
  - As jy daarvan oortuig is
    - gee dit jou moed om jou kant te bring
    - want jy weet Hy werk ook daarvoor.

- Filippense 2:12,13 verduidelik presies hoe dit werk dat God werk... en dat jy werk.

  "*Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, [13]want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.*"

- Jy moet werk, want God werk.
  - Fokus met respek en agting vir God daarop om
    - as iemand te lewe wat klaar los van sonde gemaak is,
    - want God het 'n wil en 'n vermoë in jou gesit om dit te kan doen.
- Mens kan dit andersom ook sê:
  - God het nou 'n wil en vermoë in jou gesit om
    - al hoe meer vry te lewe van sonde...
    - fokus dan daarop om dit reg te kry
  - met respek en agting vir hierdie wonderlike God.

- Jy het 'n nuwe lewe gekry om nou te leer lewe
  - Soos om 'n fiets vir die eerste keer te kry
  - Wat jou nou moet leer ry

- Dis nie maklik nie.

- Dis ook nie sommer 'n punt waarby jy kom en dan is dit verby nie.
- Hoor hoe beskryf Paulus in Filip 3:12 sy belewenis van hierdie einste pad om meer en meer soos Jesus te wees:

*"12Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. 13Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. 14Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.15Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê. En as julle in enige opsig anders daaroor dink—God sal ook hierin aan julle die regte insig gee.*

- Jou heiligmaking sal werk
  - omdat God werk... en ás jy werk.
  - En dis 'n aanhoudende werk...
  - ...maar dit werk

- Maar wat kan jy dan baie prakties doen?

**Hoe heiligmaking prakties gebeur**

- Dit word vir ons beskryf in Romeine 6:18,19:

*"18Ons dank God dat julle van die sonde vrygemaak is en slawe van God geword het wat sy wil doen.19Weens julle beperkte begrip gebruik ek 'n beeld uit die alledaagse lewe: soos julle elke deel van julle liggame in diens van sedelike onreinheid en wetteloosheid gestel het en losbandig gelewe*

*het, so moet julle nou elke deel van julle liggame in diens van God stel om heilig te lewe."*

- Hier word verduidelik dat
  - 'n Dissipel se groei om al hoe meer heilig te lewe
  - presies dieselfde werk as die pad waarop mense ook al hoe meer in die put van sonde en dood in afsak.
  - Hoe is dit?

- Wel... dis 'n pad wat ek in my lewe gestap het en ek glo baie van ons ken daardie dinamika.
  - Dit begin sommer by een klein dingetjie wat jy weet nie moet gebeur nie,
    - maar so klein lyk dat jy dink dis seker nie te erg nie.
  - En een dingetjie word twee.
  - En die twee dingetjies gebeur nie eenkeer nie,
    - maar later baie keer en jou hele bestaan word daardeur oorgeneem.
  - En as jy weer skielik sien...
    - het jy baie vêr in die gat af gesak en jy wonder by jouself:
    - HOE HET EK HIER GEKOM!

- Nou, net so werk jou pad van heiligmaking ook.
  - Klein dingetjies wat jy weet moet gebeur maar dalk nie lyk asof dit saak maak nie.
    - Maar jy doen dit.
  - En die een klein dingetjie word twee.
    - En hulle gebeur nie net een keer nie
    - maar later baie keer en jou hele bestaan word daardeur oorgeneem.
  - En as jy weer skielik sien,
    - het jy baie vêr gevorder en jy wonder by jouself:

        - HOE HET EK HIER GEKOM!

- Dis die 'alledaagse beeld' wat die Bybel hier gebruik...
    - want dis 'n alledaagse pad.
    - 'n Elke dag se pad.

**Slot**

- So, heiligmaking is nie om 'n 'halo' te kry nie...

- *Heiligmaking is:*
    - *'n aanhoudende werk van God en jyself*
    - *wat jou meer en meer vry maak van sonde en meer en meer soos Jesus laat lewe.*
    - *HOEKOM?!*
        - *sodat mense uiteindelik God se hart kan leer ken...*
        - *deur na jou houding en lewenstyl te kyk.*

- Jou heiligmaking sal werk
    - omdat God werk...
        - én as jy werk.
    - En dis 'n aanhoudende werk...
    - ...maar dit werk.
    - vir almal in ***<u>'n verloste familie diensknegte wat gestuur is</u>***

**Amen**

Griffel van Wyk
Trinitas
4 Oktober 2015